# HOOFSTUK I.

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN 'N EIE OPVOEDINGSBESKOUING.

### 1. Inleiding.

Wanneer ons 'n studie maak van die onderwys-toestande gedurende die vroegste tye in die Oorvaalse gebied, word ons getref deur die voortdurende strewe na onderwys, deur herhaalde pogings om onderwysers te bekom en hoor ons versugtinge soos:

„Zend tog een onderwyzer voor de arme jeugd. God zal hun zielen van ons eischen, om hun in die diepe onkunde te doen voortgroeijen."[1)]

Wat was dan die stukrag agter hierdie strewe na onderwys, terwyl die pionierslewe tog geen, of slegs geringe skoolse onderwys geverg het?

Dit dwing ons tot die besef dat 'n bepaalde lewensbeskouing, sterk, duidelik en koersgerig, ook die denke in verband met die onderwys gerig het. Hiervan sê Theal:[2)]

„These views did not indeed originate with the emigrants. Such opinions had been gathering strength in secluded parts of South Africa for five or six generations, but they reached their highest point of development with those who grew up in the wandering."

Ons vind dan by nader ondersoek 'n opvoedingsgedagte wat ontstaan het saam met 'n bepaalde gemeenskap en wat gegroei en ontwikkel het saam met daardie gemeenskap. En die gemeenskap was die gemeenskap van Boerekoloniste aan die Kaap in die agtiende eeu en selfs vroeër.[3)]

### 2. Die Calvinistiese Hervormingsgedagte oorgeplant aan die Kaap.

Die ontwaking van 'n nasionale selfbewussyn wat in die agtiende eeu nog sluimerend was, maar wat in die negentiende/...

1. R 1767/57.
2. Theal: History of South Africa, Deel IV, 446.
3. Lubbe: Lewensomstandighede en Opvoeding van die Voortrekkerkind, 72.

negentiende eeu wakker geskud is, was 'n vrug van die Calvinistiese Hervormingsgedagte wat in 1652 uit Holland na Suid-Afrika oorgeplaas is.[1)]

Artikel 21 van die Dordtse Kerkorde (1618-1619) het bepaal: „ De Kercken-Raden sullen allomme toesien, datter goede schoolmeesters zyn, die niet alleen de kinderen leeren leesen, schryven, spreeken ende vrye consten, maar oock dezelve in der Godzaligheit ende in den Catechismo onderwyzen."[2)]

Die Kerkraad self het in Holland agter geen aanstellings gemaak nie, maar moes alleen by die owerheid aandring „ dat zulke schoolmeesters aangesteld werden, aan wie de opvoeding van het gedoopte zaad der Kerk kon worden toebetrouwd."[3)] (In die beginjare van die Z.A.R. vind ons later dieselfde praktyk.)

In die Kaap is hierdie beginsel beliggaam in die Ordonnansie van Goewerneur Maurits P. de Chavonnes, 21 Augustus 1714.

Hierdie ordonnansie het egter nie veel nuuts gebring nie, maar was slegs 'n samevatting van die beginsels wat reeds in die Kaap onder Van Riebeeck en Van der Stel in swang was en dit het die onderwyswet van die Kolonie gebly tot die einde van die agtiende eeu.[4)]

Volgens hierdie „ ordonnantie van de School ordenning," van De Chavonnes was dit vir die opbou van 'n goeie Kolonie en die welsyn van 'n land belangrik „ dat de jongheit van kintsbeen af wel werde opgevoet ende in de vreese ende regte kennisse Gods en alle goede consten en zeeden." Daartoe moet hulle voorsien word van bekwame en Godvresende onderwysers en van hulle geweer

word/....

1. Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom, 1842-1942,7.
2. Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool in S.A.,3.
3. Venter, t.a.p., 4.
4. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939,21.

**word „ de gene die anders willen leeren, dan in de Gereformeerde Kerke gepredikt werd."[1]**

Die ordonnansie het bepaal dat niemand mog skoolhou nie, alvorens hy nie deur die Goewerneur en die Raad in „ leere en leeve" ondersoek en bekwaam gevind is nie.

Vir hierdie ondersoek het die Goewerneur en die Raad weer gebruik gemaak van die dienste van die Kerk.[2] Daarna moes die onderwysers dan die volgende verklaring onderteken:[3] „ Wy ondergeschreve Rectoren ende Schoolmeesters van N.N. verclaeren oprechtelick in goeder conscientie voor den Heere met deze onse onderteyckeninghe, dat wy van herten ghevoelen ende gheloven, dat alle de articulen ende stucken der leere in deze confessie, ende catechismo der Nederlantsche Gereformeerde kercken begrepen, mitsgaders der verclaringe over enighe poincten der voorseyde leere in den nationalen Synode anno 1619 tot Dordrecht ghestelt, in alles met Godes Woord over een comen. Beloven derhalven dat wy de voorseyde leere, ghetrouwelick zullen voorstaen, ende de jeugt naer eysch van onse beroep, ende haer begryp, naerstelick inscherpen; op pene dat wy hyer teghen doende van onsen schooldienst zullen ontset wesen."

Van die onderwysers is dan verwag om die kinders van jongs af te leer: die Onse Vader, die Tien Gebooie, die Geloofsartikels, die Aand- en Môregebed, gebede voor en na die ete, asook gewone gebede, en verder die vrae en antwoorde uit die Katechismus.[4]

So is die godsdiensonderwys op skool gestel in diens van die kerk en het dit ten doel gehad om die kinders voor te berei vir die aflegging van die geloofsbelydenis. Die skool het 'n verlengstuk van die Kerk geword.[5]

„ Dit was/....

---

1. Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool,31.
2. Greyling,t.a.p.,32.
3. Venter,t.a.p., 6.
4. Du Toit, t.a.p., 22.
5. Venter,t.a.p., 8.

„ Dit was vir die tyd begryplik, want sowel in Nederland as in die Kaap, werd die skool gebruik as propagandamiddel vir die Calvinisme.....Eensydige nadruk werd gelê op die godsdienstig-kerklike vorming van die kind. In Nederland werd die Godsdiensonderwys gestel in diens van die Kerk, maar aan die Kaap het die gehele skoolopleiding ten doel gehad om die kinders gereed te maak vir die kerklike aanneme. Onder die Voortrekkers in die Vrystaat en Transvaal, wat onbeïnvloed weggetrek het onder die Engelse Regime, vind ons dieselfde opvatting, nl. dat alle skoolonderwys ten doel het om die kinders te bring tot belydenis van die geloof. Tot vandag (d.i. 1929) toe werd nog ouers aangetref in Suid-Afrika, wat onder ‚geleerd' verstaan dat die kind deur sy kerklike aanneme is."[1]

Die onderwyser was die dienaar van die kerk of predikant. Gedurig is daarna gestreef om die amp van die onderwyser te verbind met dié van die koster, voorleser of krankebesoeker. Die gewone kerklike katkisasie is op die onderwyser afgeskuif en op die skool was hy die katkiseermeester van die Kerk.[2]

Fouche het oor hierdie toestand as volg geskryf:[3]
„ De school was altyd 'n een-onderwyser school en dat was een nadeel. Maar aan de andere kant was de school ook 'n ‚een-boek' school en dit boek was de Bybel. En dat was voor ons volk geen nadeel geweest. Want de ‚een-boek' scholen hebben van onze voorvaders gemaakt 'n een-boek volk, 'n volk godsdienstig en Bybelvast, zooals geen ander op aarde....Immers de scholen van de 17de eeuw hebben uitstekende vruchten voortgebracht. Zy hebben voortgebracht de voorvaderen van 't Boerenvolk, de pioniers die Zuid-Afrika van de Kaap tot aan de

Sambesi/..

---

1. Venter, t.a.p., 9.
2. Ibid.
3. Fouche: Onze Eerste Scholen in „De Unie", Julie 1910, 17.

Sambesi schoongemaakt hebben, - en de twee steunpilaren van die pioniers-Bybel en Geweer,[1] die hebben ze gekregen in de school der 17de eeuw."

Maar meer nog: hierdie skole het die Voortrekker gered van analfabetisme. Hulle het die Boerevolk godsdienstig en Bybelvas gemaak, sodat elke ouer dit as sy dure plig beskou het om sy kind „geleerd" te kry.

„Sufficient religious knowledge for admission to membership in the established church was the end sought. To this extent the majority of European population were anxious for the education of their children. Their devotion to their church gave a value to education and a desire for it, which would scarcely otherwise have existed."[2]

3. Die Geestelike Swaard teen die Afrikaner na 1806.

Die onderwysstelsel van 'n volk is slegs die weerspieëling van sy godsdiensbeskouing, sy sosiale strydkragte en van sy politieke en ekonomiese omstandighede.[3]

Waar die Afrikaanse volk aan die begin van die negentiende eeu reeds 'n eie kyk op die lewe ontwikkel het, 'n drang tot selfstandigheid om die volkseie tot wasdom te laat ryp, kon die onderwys van die tyd nie voldoen aan die lewensopvatting van die Afrikaner nie. Die drywende kragte van selfbeheer, vryheid en regverdigheid het in botsing gekom met die heersende sterk gesentraliseerde en outokratiese regeringsvorm wat 'n verlammende uitwerking gehad het op die wêreld- en lewensbeskouing van die Afrikaner.[4]

Die opvoeding van die tyd was in die Kaap sterk angliserend en op die platteland geheel ontoereikend. Die opvoeding het geen rekening gehou met die

kulturele/...

1. Die kinders het ook in die skool geleer om wapens te hanteer, vgl. Venter, t.a.p., 10.
2. Education Commission's Report, 1865, VII.
3. Lubbe, t.a.p., 69.
4. Ibid, 68.

kulturele behoeftes van die Afrikaner nie, maar was daarop bereken om te denasionaliseer en te vervreem van die volkseiendomlike - ons hoef slegs te verwys na die afskaffing van die Hollandse taal in die skole.

Lord Charles Somerset het op 5 Julie 1822 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die Hollandse taal as offisiële taal van die Kolonie afgeskaf het en Engels as die enigste offisiële landstaal verklaar het, hoewel sewe-agstes van die bevolking geen Engels kon verstaan nie.[1] Hy het hom op sonderlinge wyse aangematig om in hierdie proklamasie Engeland te verhef tot „Parent Country" van die Afrikaner, en hy het verklaar dat, ten einde die Engelse taal meer algemeen te maak, dit die koning behaag het om Skotse predikante vir die Hollandse Kerk in te voer en verder Engelse onderwysers aan te stel „at public expense, at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English language to all classes of society." Vanaf 1822 is die skole heeltemal verengels. Hollands is nie meer onderwys nie; voortdurend is daar Skotse predikante vir die Hollandse gemeentes aangestel; die geestelike swaard het byna getriomfeer.[2]

Op die Sinode van 1824 was vyf van die dertien predikante Skotte, en op die Sinode van 1837 was reeds die helfte van die aanwesige predikante Skotte. So vaardig het die Engelse goewerneur die geestelike swaard hanteer dat daar in 1824 selfs 'n voorstel „ter vereeniging van onze Kerk met die van Schotland en ons te stellen onder haar protectie," ingedien is.[3]

Hierdie verbroedering het alleen om tegniese

redes/....

---

1. Eybers: Select Constitutional Documents, 77.
2. Engelbrecht: Die Gesk. van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1936 uitgawe, 15.
   Van Wyk: Die invloed van die Engelse Skoolwese op die Kaapse Skoolwese, 1806-1915, 47.
3. Engelbrecht, t.a.p., 15.

redes nie geslaag nie.[1] Tog het die Kerk gevaar geloop om sy Hollandse karakter heeltemal te verloor.[2] Maar die breë lae van die gemeentes op die platteland, daardie gedeeltes vanwaar die Trekkers hoofsaaklik sou kom, was nog ongeskonde.[3]

4. Die Afrikaner gedwing tot Selfvoorsiening.

Die omstandighede waarin die grensboer gelewe het, tesame met sy selfvoorsieningsvermoë, het 'n mate van selfstandigheid by hom ontwikkel wat ook duidelik blyk uit sy selfvoorsiening t.o.v. die onderwys.

Na 'n kort opflikkering van Somerset se verengelsingsskole, het hierdie skole weer begin kwyn weens die geleidelike verset daarteen van die kant van die Hollandse deel van die bevolking.[4]

Privaatskole het snel gebloei. Die Afrikaner was nie langer tevrede met 'n onderwysstelsel wat aan 'n vreemde meester diensbaar gemaak is nie.[5]

Op die voorposte was 'n eie Afrikaanse opvoedingsgedagte, 'n vrug van dit waaraan hulle gewoond geraak het voor 1806, steeds besig om wortel te skiet. Hier het die Bybel as nouste kultuurband die veeboere aanmekaar verbind en die invloed daarvan op die onderwys kan moeilik oorskat word.[6]

Lugtenburg beskryf die toestand hier as volg:[7]

,,Maar verder van die sentrum af het dit alles minder geword, totdat daar alleen oor was die kleihuis met sy grondvloer en dak van boomstamme of

bamboesstokke/

---

1. Van Wyk, t.a.p., 58.
2. Ibid.
3. Van Wyk, t.a.p., 58-59.
4. Du Toit, t.a.p., 72.
5. Ibid.
6. Wichman: Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860,3.
7. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836-1900), 10.

bamboesstokke, met gras bedek. Die aantal kamers het gekrimp tot 2 of 3 en op die voorposte het die hartbeeshuis sy verskyning gemaak. Die huisraad was hier eenvoudig en selfgemaak. Die emmer water en kalbas het die tafelkristal vervang en die velskoen, velbroek en velthoed was hier in hulle natuurlike huis, hoewel daar nog altyd kisklere was. Die boekery was ingekrimp tot die Bybel, 'n paar Psalmboeke, a Brakel, Smytegeld, 'n A.B.C. -boek en die Trap der Jeugd. Hulle rykdom was vee en die kondisie daarvan het hulle bewegings bepaal.

Hulle innige godsdienssin het daarby 'n deel gemaak van hulle lewe. Die nooit voldane van diegene wat die tempel van die wetenskap betree het, was hulle vreemd, en hierdie faktor was dit wat, meer as enige ander, hulle idees oor die opvoeding en die onderwys rigting gegee het, sodat ook dit vir hulle 'n afgeronde, opsigself genoegsame geheel geword het, aanpassend by die eenvoudige lewe onder die beskerming van die Voorsienigheid."

Smôrens vroeg, by die eerste daglumier het hulle Psalm-gesang oor die velde weerklink en na die aandete is die dag weer afgesluit met 'n hoofstuk uit die Bybel, 'n Psalm of Gesang, soms ook 'n lied uit Willem Sluyters, waarna die vader sy huisgesin en hawe weer aan die beskerming van die Almag opgedra het.[1)]

Die onderwys, nodig om vir hierdie manier van lewe voor te berei, was min en vir die minimum vereiste van die skoolse onderwys het die kerk gesorg, direk of indirek.[2)]

Vir toelating/...

---

p., 10.

Vir toelating tot die lewe, vir voltooiing van die opvoeding van die dae, was die enigste toets of die kind bekwaam was om as 'n volmondige lidmaat van die kerk opgeneem te word.

Dit was die gesogte voorreg van elke jonkman en jonkvrou om lidmaat te mag word van die kerk, om so toegelaat te word tot die gebruik van die sakrament van die heilige Nagmaal, om so toegelaat te word tot die staat van die heilige huwelik.[1)]

Aan die gestelde minimum kennis van die Bybel en kategimus plus die vermoë om uit die Bybel te kan lees, het die kerk hom onverbiddelik gehou en dit was alleen hieraan te danke dat onder die Boere-emigrante in die Oorvaalse gebied geen of weinig analfabete voorgekom het.[2)]

Soos uit die volgende hoofstukke sal blyk, het die Transvaalse pioniers hulle ook, selfs by die afwesigheid van 'n kerklike organisasie, streng hieraan gehou. Hulle kinders moes gereed wees vir die kerklike aanneme indien daar dalk 'n predikant sou opdaag.

Die onderwys, soos gegee deur die ouers self, moontlik bygestaan deur 'n rondgaande onderwyser, het dan weinig meer be-oog as 'n voorbereiding vir die aflegging van die geloofsbelydenis.[3)]

Dit was goed, gesien teen die agtergrond van die tyd, maar dit sou ook weldra 'n nadeel word, want dit het die oorsaak geword dat selfs in beter tye die emigrante tevrede was met hierdie minimum onderwys.

5. Die Opvoedkundige Betekenis van die Groot Trek.

Met die uittog uit die Kolonie het saamgegaan 'n eie wordende Afrikaanse opvoedingsideaal om daar ver in die Noorde/.....

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838-1937, 15.
2. Van der Merwe: Wie was die Voortrekkers? „Die Huisgenoot," Desember 1938.
3. Van der Merwe, t.a.p., 39. Vgl. Hoofstuk II.

die Noorde weer wortel te skiet. Dit was 'n opvoedingsbeskouing, 'n produk van 'n Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing wat ontstaan en gegroei het saam met die Boeregemeenskap. Dit het gegroei en verander saam met die groei en veranderinge van die lewe van die Boerepioniers. Dit was die uiting van die innerlike sielelewe van die volksgemeenskap waaruit dit gebore is.

Wanneer ons dan die opvoeding sien in die lig van 'n lewensuiting van 'n volksgemeenskap, dan kry die Groot Trek ook op opvoedkundige gebied betekenis. Dan kan ons ook die diepere, die ideële oorsake van die Groot Trek peil, nl.die ontwaking van 'n nasionale selfbewussyn wat in die agtiende eeu nog sluimerend was, maar in die negentiende eeu wakker geskud is.[1)]

Die Groot Trek sou verhoed dat die Afrikaner op onherstelbare wyse aan sy Afrikanersiel skade ly.[2)]

Die Voortrekkers het as draers van die Afrikaanse kultuurgedagte hulle onttrek aan die denasionaliseringsproses wat in die Kaapkolonie aan die gang was, en buite die uitstralingskrag van die Engelse kultuurmag die Afrikaanse gedagte onafhanklik gehandhaaf en uitgebou.[3)]

Die Trek was wesenlik 'n daad van nasieskap, 'n lentespruit na 'n lang winter, die eerste groot uiting van 'n reeds lang sluimerende en onbewuste gevoel. Hoe anders kan daardie massabeweging verklaar word?[4)]

Uit die Kolonie het hulle getrek „ om even als.... onze voorgeslagten, en alle Europeesche natiën voor ons gedaan/.

---

1. Kruger: „ Die weg na die see," Argiefjaarboek vir S.A. Gesk., 1938, 49.
2. Engelbrecht: Die Gesk. van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1936 uitgawe, 15.
3. Van Wyk, t.a.p., 60.
4. Kruger, t.a.p., 49.

ons gedaan hebben, een eigen land en een eigen regeringsvorm te bekommen en op te rigten, en om daardoor ons vry te houden van alle wetten en gewoontes van andere natiën, die niet met ons geweten en nationaal gevoel strydig, en in ons oog onbehoorlyk zyn."[1]

Deur simpatieke bestudering van die onderwyspogings in die vroegste jare in die Oorvaalse gebied, vind ons dan ook 'n strewe na die vervulling van 'n vooropgestelde opvoedingsideaal, 'n ideaal wat die Trekkers met hulle meegebring het, 'n ideaal wat heel dikwels verdring is deur die skriklik uitwendige, maar wat telkens wanneer die geleentheid daar was, weer na vore gekom het want dit was 'n opvoedingsideaal wat 'n produk was van 'n bepaalde lewensbeskouing.

---

1. Brief van die Lydenburgse Volksraad, d.d. 20 Feb. 1860, gepubliseerd in „De Oude Emigrant" Potchefstroom, 3 April 1860.